MEMORANDUM

SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS
VAN BARMHARTIGHEID — O.V.S.

W.O. nr. 19.. ... ...

Ds. D. S. Snyman,

Sendingkantoor.
Sinodale Sentrum.

Geagte ds. Snyman, Ek stuur vir u die notule van die vergadering wat ons gehou het.

Die assuransie-eis is reeds ingestel en dit lyk of ons ± R1600 sal kry vir die skade.

In so 'n geval sou dit dan seker nie eers nodig wees om die pomp te laat herstel nie en ons sou hom net so kan verkoop.

Ek reël 'n afspraak met die prokureur vir die uitvoering van punt 4.

G. J. Leyns

NOTULE VAN 'N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE BESTUUR VAN DIE PLAAS VALSCHFONTEIN, GEHOU OP 6 MAART 1980 IN DIE SINODALE SENTRUM, ST ANDREWSTRAAT, BLOEMFONTEIN

1. OPENING

Ds Snyman verwelkom die lede.

2. TEENWOORDIG

Die volgende lede is teenwoordig: Di D S Snyman<br>
C F Heyns<br>
Mnr C R P Jacobs

3. HERSTEL VAN WINDPOMP NA STORMSKADE

Na die storm is die windpomp se toring en maspyp gebuig, die platvorm en die rem is gebreek en die wiel is ook beskadig. 'n Eis is teen die assuransiemaatskappy ingestel.

Die vergadering besluit om die pomp te verkoop aangesien dit vir jare nie meer in gebruik is nie. Advies is van Southern Cross ingewin, en hulle het onderneem om 'n koper te vind.

4. VERKOOP VAN PLAAS

Daar is besluit om die kerk se prokureurs te raadpleeg in die verband. Volgens die testament moet alle diensdoende predikante van die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat toestemming gee vir die verkoop van die plaas. Die alternatief is om 'n bevel nisi deur die hooggeregshof te verkry.

Opdrag word aan die voorsitter en sekretaris gegee om in dié verband met mnr Pretorius te skakel.

5. AFSLUITING

Die vergadering word afgesluit.

________________________ ______________
VOORSITTER DATUM

________________________
SEKRETARIS